



**SA STAMBOEK
STUD BOOK**

**SA STAMBOEK
SA STUD BOOK**

**Riglyne vir Bulgroeitoetse op die Plaas
Guidelines for on-farm bull growth tests**



RIGLYNE VIR BULGROEITOETSE OP DIE PLAAS

TIPE TOETSE:

ENKELKUDDE TOETSE

VEELKUDDE TOETSE (MEER AS EEN KUDDE SAAM)

DOEL: Bulgroeitoetse is daar om die genetiese potensiaal van bulle se groei en die doeltreffendheid daarvan so akkuraat as moontlik te identifiseer onder verskillende gekontroleerde voedingstoestande. Diere moet verkieslik geëvalueer word onder dieselfde toestande as waar die nageslag binne hul produksie-sisteem gaan presteer. Bulgroeitoetse dien ook terselfdertyd as 'n gekontroleerde grootmaakproses van jong bulle.

1. DEELNAME

- 1.1 Lede van Telersgenootskappe wat deelneem aan SA Stamboek se dienste, kan hul bulle aan bulgroeitoetse onderwerp. Sulke bulkalwers moet die nageslag wees van bulle wat geregistreer is.
- 1.2 'n Bulgroeitoets sal slegs as amptelik beskou word as minstens 10 bulkalwers per ras, bestaande uit regstreerbare, of aangetekende graad bulkalwers, wat vir 'n toets goedgekeur is, die toets voltooi.
- 1.3 Die ouderdomme van die bulkalwers in 'n toetsgroep mag nie met meer as 100 dae verskil nie, met 'n maksimum individuele ouderdom van 425 dae aan die begin van die aanpassingsperiode.
- 1.4 Die aanpassingsperiode kan wissel tussen 21 en 90 dae afhangende van die groeitempo en toetsprosedure. Die aanpassingsperiode kan kort wees vir intensiewe en enkelkudde toetse en langer vir ekstensiewe en veelkudde toetse. Gedurende die aanpassingsperiode moet die bulle dieselfde dieet ontvang as gedurende die toetsperiode en moet daar 'n gewigstoename word voordat die toets kan begin.

GUIDELINES FOR ON-FARM BULL GROWTH TESTS

TEST TYPES:

SINGLE HERD TESTS

MULTIPLE HERD TESTS (MORE THAN ONE HERD AS A GROUP)

PURPOSE: Bull growth tests are done to determine the genetic potential as well as efficiency of bull growth as accurately as possible under different controlled feeding conditions. It is preferable that animals are evaluated under the conditions where the progeny must perform within their production system. Bull growth tests simultaneously serve as a controlled way to raise young bulls.

1. PARTICIPATION

- 1.1 Members of Breeders' Societies and any member of SA Stud Book, can participate in bull growth tests. These bull calves must be the progeny of registered bulls.
- 1.2 A bull test will only be regarded as official if at least 10 bulls per breed, consisting of registered or recorded grade bulls, inspected and accepted for this purpose, complete the test.
- 1.3 The age of the bull calves in a test group may not differ more than 100 days. The maximum individual age being 425 days at the onset of the adaptation period.
- 1.4 The adaptation period may vary between 21 and 90 days depending on the growth rate and test procedure. The adaptation period may be short for intensive and single herd growth tests and longer for extensive and multiple herd tests. The same diet has to be maintained during the adaptation and test periods and bulls must have some weight gain before the test can start.

- 1.5 Dit is wenslik dat die gewig van die ligste en swaarste kalf in 'n toetsgroep, nie die maksimum gewigsvariasie per ras, oorskry, by die begin van aanpassing nie.
- 1.6 Die bulkalwers moet vry van sigbare erflike gebreke wees.
- 1.7 Bulkalwers moet die toets as 'n groep begin en eindig. Onttrekkings kan slegs plaasvind as 'n dier siek of besoer is en dit die groep kan benadeel.
- 1.8 Kategorieë van voedingstoestande is as volg :
- Intensief – kragvoer (groeি-rantsoen) in 'n kraal
 - Semi-intensief – genoegsame kragvoer met baie ruvoer in 'n groter kampie
 - Semi-ekstensief – veld of aangeplante weiding met aanvulling
 - Ekstensief – veld met 'n lek
- 1.9 Bul groeitoetse sal 'n minimum tydperk van 84 dae en 'n maksimum tydperk van 270 dae duur na die voorafbepaalde aanpassingsperiode. 'n Gemiddelde minimum toename en groeitempo tydens die toetstydperk word vereis, per ras, soos in die onderstaande tabel aangedui :

- 1.5 At the onset of the adaptation period it is desirable that the weights of the lightest and heaviest calf in the group do not differ more than the maximum weight variation per breed.
- 1.6 The bull calves must be free of any visible hereditary defects.
- 1.7 Bull calves must begin and end the test as a group. Withdrawals are only allowed when a sick or injured calf may impair the group.
- 1.8 Categories of feeding levels:
- Intensive – concentrate (growth ration) in feeding pen
 - Semi-intensive – sufficient concentrate with ample roughage in a larger pen
 - Semi-intensive – veld or pasture with supplement
 - Extensive – veld with a lick
- 1.9 Bull growth tests will last a minimum of 84 days and a maximum of 270 days after the adaptation period. An average minimum gain and growth tempo per breed during the test period is a requirement as indicated in the table below:

RAS / BREED	MAKSIMUM/MAXIMUM	MINIMUM	MINIMUM
	GEWIGSVARIASIE (Kg) WEIGHT VARIATION	TOENAME (Kg) GAIN	GDT (g) ADG
Afrikaner, Ankole, Brahman, Dexter, Nguni, Sanganer, Tuli, Wagyu	65	90	400
Afrigus, Afrisim, Beef Shorthorn, Bonsmara, Boran, Drakensberger, Galloway, Kentshire, Red Poll, Salers, Senepol, Sussex	75	110	500
Angus, Beefmaster, Charbray, Hereford, Hugenoot, Pinzgauer	80	120	550
Braunvieh, Charolais, Chianina, Gelbvieh, Romagnola, South Devon	85	130	600

Tel: 051-4100900 | E-pos/E-mail: helpdesk@studbook.co.za

Julie / July 2017

- 1.10 Deelnemers moet toesien dat die toepaslike immuniserings- en in- en uitwendige parasietbeheer toegepas is voor die aanvang van die aanpassingsperiode.
- 2. PLIGTE VAN DEELNEMERS AAN BULGROEITOETSE**
- 2.1 Die hele prosedure, voeding en bestuur, moet saam met die SA Stamboek Tegniese Adviseur beplan word tot onderlinge tevredenheid.
- 2.2 Die prosedure sal stiptelik uitgevoer word sonder enige afwyking, tensy SA Stamboek 'n wysiging toestaan.
- 2.3 'n Kopklamp, drukgang met betonvloer en betroubare beesskaal, goedgekeur deur SA Stamboek, moet vir weging en die neem van liggaams- en ander mates, beskikbaar wees. Indien 'n teler wil gebruik maak van ultrasoniese skandering (RTU), moet daar betroubare kragtoevoer wees. Die werkgeriewe moet verkieslik onder dak en stofvry wees.
- 2.4 Die bulkalwers se leëpensliggaamsgewigte moet op twee agtereenvolgende dae geneem word by die begin en afsluit van die toets. Gedurende die toets moet die bulkalwers elke 14 dae geweeg word. Hierdie binnetoets gewigte hoef nie leëpens te wees nie.
- 2.5 'n Dagboek van belangrike toetsverwante gebeure, soos byvoorbeeld beserings, siektes, opblaas, ens, moet op datum gehou word deur die toetsbestuurder.
- 2.6 Daar sal te alle tye aan SA Stamboek vrye toegang tot die toetsterrein en die rekords verleen word.
- 2.7 Volle besonderhede van elke bulkalf moet verskaf word en alle rekords moet op datum gehou word.
- 2.8 By die aanvang van 'n toets moet die deelnemer(s) die kalwers ondersoek vir erflike gebreke (bv. Hipoplasie) en dit aanteken.
- 1.10 Participants must take care that applicable immunization and internal and external parasite control are applied before the beginning of the adaptation period.
- 2. OBLIGATIONS OF BULL GROWTH TEST PARTICIPANTS**
- 2.1 The entire procedure, feeding and management must be planned by SA Stud Book to mutual satisfaction of the breeder and SA Stud Book representative.
- 2.2 These procedures will be followed and can only be changed with the permission of SA Stud Book.
- 2.3 A neck clamp, crush with a concrete floor and reliable SA Stud Book approved cattle scale must be available for weighing and the taking of body and other measurements. Reliable electricity supply is important should the breeder prefer ultra sound scanning (RTU). The working facilities must preferably be sheltered and dust free.
- 2.4 Empty stomach body weights of the bull calves must be taken on 2 consecutive days at the beginning and end of the test. During the test the bulls must be weighed every 14 days. These in-test weights do not have to be with empty stomachs.
- 2.5 A diary of important incidents such as injuries, illnesses, bloating etc., must be kept updated during the test.
- 2.6 SA Stud Book will be granted free access to the test facilities as well as to the records at all times.
- 2.7 Detailed particulars of every bull calf must be submitted and all records must be updated.
- 2.8 At the beginning of the test, the participant(s) must examine the concerned calves for hereditary defects (eg Hypoplasia) and record them.

- 2.9 Binne sewe dae na die begin van die toets, moet die aanpassing- en begin-toets gewigte, asook notas van enige erflike gebreke aan SA Stamboek gestuur word vir verwerking.
- 2.10 Die op-datum toetsgewigte moet aan die betrokke SA Stamboek adviseur gestuur word, 14 dae voor die einde van die toets.
- 2.11 Indien 'n toets, om watter rede ook al, verleng of gekanseer word, moet die betrokke SA Stamboek adviseur onmiddellik in kennis gestel word.
- 3. PLIGTE VAN SA STAMBOEK**
- 3.1 Slegs 'n Stamboek gakrediteerde persoon mag die bulstoets evaluasie afhandel (eindig), volgens ICAR regulasies.
- 3.2 SA Stamboek moet die toetsprosedure noukeurig beplan in oorleg met die deelnemer of verantwoordelike bestuurder en enige afwykings vanaf hierdie ooreengekome prosedure gedurende die toets, moet aangeteken word.
- 3.3 SA Stamboek sal toesig hou oor die toetsprosedure. Die toetsterrein kan sonder kennisgewing besoek word om die prosedure en rekords na te gaan. Indien SA Stamboek daarvan oortuig is dat die vereistes en procedures nie nagekom is nie, sal die toets geen amptelike erkenning ontvang nie.
- 3.4 Die nodige aantekeningdokumente is op aanvraag beskikbaar as 'n deelnemer nie BenguFarm Beef (vroeër BeefPro) gebruik nie.
- 3.5 SA Stamboek adviseur (of gekoöpteerde verteenwoordiger), sal teenwoordig wees by die afsluiting van die toets vir die neem van die tweede leëpens eindgewig en die liggaamsmates en verwerking van die toetsresultate.
- 2.9 Within 7 days after the beginning of the test the adaptation and beginning test weights, as well as notifications of any hereditary defects, must be forwarded to SA Stud Book for processing.
- 2.10 The updated test weights must be sent to the relevant SA Stud Book advisor, 14 days before the end of the test.
- 2.11 Should a test for some or other reason be lengthened or cancelled, the relevant SA Stud Book advisor must immediately be informed.
- 3. OBLIGATIONS OF SA STUD BOOK**
- 3.1 Only a Stud Book accredited person will complete the bulltest evaluation according to ICAR regulations.
- 3.2 The test procedure must, in collaboration with the participant or responsible manager, be properly planned and any deviations of the test procedure during the course of the test must be recorded.
- 3.3 SA Stud Book will monitor the test procedure. The test facilities can be visited at any time without notification in order to verify the procedure and the records. If SA Stud Book is convinced that the requirements and procedures have not been adhered to, the test will not be officially recognized.
- 3.4 The necessary recording documents are available at request if a participant does not use BenguFarm (BeefPro).
- 3.5 An SA Stud Book advisor (or co-opted representative), will be present at the completion of the test for weighing the bulls with the second end test empty stomach weights, taking the body measurements and processing of the test results.

- 3.6 Liggaamsmates soos skrotum omvang, hoogte en lengte is verpligtend en velddikte is opsioneel. Werklike en gekorrigeerde ligaamsmates word ook verwerk. Die gekorrigeerde skrotum omvang word gebruik by keuring.
- 3.7 Ultrasoniese (RTU) mates is op opsioneel. Die ultrasoniese (RTU) verslag bied die volgende: rooivleis opbrengs, marmering, spier oppervlakte, vetverspreiding asook spier, been vet verhouding.
- 3.8 Die data sal verwerk word en die resultate so gou moontlik na voltooiing van die toets, aan die deelnemer(s) beskikbaar gestel word. Resultate soos GDT (groei oor toets), GDO (gewig per dag van ouderdom) word in gram sowel as 'n indeks uitgedruk binne die kontemporêre groep. Die inligting is bruikbaar by keuring van die bulle.
- 3.9 Uit bogenoemde word daar beraamde teelwardes vir elke eienskap verwerk, vir verdere seleksie.
- 3.10 Data sal so gou moontlik na afloop van toets op die Logix Vleisbeesstelsel geplaas word en amptelike prestasie-verslae en sertifikate sal uitgereik word.
- 3.11 Visuele /kondusie punting is beskikbaar op aanvraag.
- 3.6 Body measurements such as scrotum circumference, height and length is compulsory and skin thickness is optional. Actual and adjusted body measurements are calculated. The adjusted scrotum circumference are used during inspection.
- 3.7 Ultrasonic (RTU) measurements are optional. The ultrasonic (RTU) report gives the following: red meat yield, marbling, muscle area, fat distribution and muscle, bone fat ratio.
- 3.8 The data will be processed and the results will be available as soon as possible after completion of the tests. Results as ADG (growth on test), ADG (weight per day of age) will be in grams as well as an index expressed and compare in the contemporary group. This information is useful during inspection of bulls.
- 3.9 Breeding values from the above mentioned traits are been calculated.
- 3.10 Data will be placed on the Logix beef system and official production records and certificates will be issued.
- 3.11 Visual scoring of animals is available on request.

4. ALGEMEEN

Deelnemers onderneem om te hou by die ooreengekome prosedures en om wegings stiptelik en korrek te doen.

Deelnemers word aangemoedig om soveel as moontlik bulle te laat deelneem ten einde meer betekenisvolle vergelykende data te verkry.

Maak dadelik kontak met jou betrokke tegniese adviseur hieronder sodra daar beplan word om 'n bultoets te doen.

4. GENERAL

Participants undertake to comply with the agreed procedures and to record the weights promptly and correctly.

Participants are encouraged to enter as many bulls as possible for the purpose of obtaining more significant comparable data.

Make contact immediately with your specific technical adviser below when you plan to do a bull test.

Tariewe: geldig tot 30 Junie 2018 (BTW UITGESLUIT)

Bultoetsfooi ---	R1350.00
Fooi per bul minder as 40 ---	R 67.00
Fooi per bul meer as 40 ---	R 62.00
Skandeer fooi per bul --- (opsioneel)	R 68.50

Tariffs: valid until 30 June 2018 (VAT EXCLUSIVE)

Bull test fee ---	R1350.00
Fee per bull, less than 40 ---	R 67.00
Fee per bull ,more than 40 ---	R62.00
Scan fee per bull --- (optional)	R 68.50

SA STAMBOEK: TEGNIESE ADVISEURS:

Bloemfontein	Rampie de Wet	rampie@studbook.co.za	083 6316 040
Bloemfontein	Siebert Vermeulen	siebert@studbook.co.za	082 5484 608
Bloemfontein	Gerdus de Klerk	gerdus@studbook.co.za	072 691 3600
Vryburg	Dolf Cloete	dolf@studbook.co.za	082 6603 266
Pretoria	Andries Riekert	andries@studbook.co.za	082 4650 671
Pretoria	Thalia Brameld	thalia@studbook.co.za	071 4931 111
Wes-Kaap	Chanelle Steenkamp	chanelle@studbook.co.za	072 8364 108
Port Elizabeth	Ruann Kruger	ruann@studbook.co.za	082 7660 562

SA STAMBOEK STUD BOOK